**Kain en Abel**

**Gen 4:1-16**

**21 Mei 2023**

1. Vantevore: In Gen 3 stel die Here God 'n genadeverbond in met Adam. Die bepalings is steeds die (meeste van die) skeppingsopdragte. Die Here God neem die verantwoordelikheid op Homself, en sal die mens toerus om medewerkers te word om Sy doel te bereik. Die mens beleef ook die Here God se oordeel weens hulle ongehoorsaamheid.
2. Gen 4 vorm saam met Gen 2 en 3 die eerste "toledot" (Gen 2:4, Gen 5:1)
3. Drie fokusse in Gen 4: (1) Kain en Abel (v1-16), (2) Nageslag van Kain (v17-24), (3) Geboorte van Set en begin van sy nageslag (v25-26)
4. Die offers van Kain en Abel (Gen 4:1-5a)
    a. Genre is 'n narratief – dus geskiedkundige gebeure
    b. Eva baar twee seuns: Kain ("om te verkry") en Abel ("damp" of "asem") (v1-2)
    c. Eva erken dit is met die hulp van die Verbondsgod (v1)
    d. Kain = landbouer, Abel = veeboer (v2)
    e. Kain bring offer uit landbouprodukte, Abel uit eerstelinge van vee (v3-4)
    f. Kain se offer nie met guns beskou nie, Abel s'n wel (v4-5a). Moontlike verklarings:
        - Kain se offer het nie met bloedvloeiing gepaardgegaan nie
        - Abel se offer was beter kwaliteit siende dat dit eerstelinge was
        - Die grond (en dus sy opbrengs) is vervloek in Gen 3:17
        - Verskille in die harte van Kain en Abel
    g. Beide offers was eerder gemeenskapsoffers
        - Deut 15:19-23 – eerstelingoffers is geëet deur die gesin wat offer bring
        - Lev 2:1-3,14 – graanoffers is gedeeltelik aan Here gewy, en die res deur priesters geëet. Kon deel wees van eerste opbrengs van die oes
    h. Gevolgtrekking: Verklaring lê in verskil in die harte van Kain en Abel
5. Die hart van Kain (Gen 4:5b-16)
    a. Kain was kwaad en terneergedruk – wys sy hart (v5b)
    b. Die Here konfronteer Kain: "Waarom?" Kain moet oor die sonde heers (v6-7, vgl Jak 1:15, Rom 7:8)
    c. Maar Kain maak Abel dood – spanning tussen broer en broer (v8)
    d. Die Here konfronteer Kain: "Waar?" Kain vertel 'n leuen (v9, vgl Op 6:10)
    e. Oordeel oor Kain: Hy word (1) vervloek, (2) verban, (3) geen opbrengs van land (v 11-12)
    f. Kain kla straf is te erg, steeds geen bekering (v13-14, vgl Op 16:11, Luk 16:24)
    g. Die Here beskerm Kain se lewe, maar oordeel staan steeds (v15)
    h. Kain gaan uit die teenwoordigheid van die Here (v16)
    i. Vergelyk Kain in 1 Joh 3:12 met Abel in Heb 11:4
6. Toepassings
    a. Abel was deel van nageslag van die vrou omdat hy uit genade velklere van die Here ontvang het
    b. Kain was deel van nageslag van die duiwel omdat hy nooit erken het hy het genade nodig nie
    c. Fisiese afstamming bepaal nie of iemand deel van die nageslag van die vrou of die duiwel is nie – sondebesef en God-gegewe velklere bepaal wel